

# 9

## DAWID EN GOLIAT

### God help my al is ek klein

#### ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God hulle help al is hulle klein.

#### SPESIFIEKE DOELSTELLING

##### Kennis

Die kinders moet weet –

- Dawid het vir Goliat oorwin, omdat Dawid in die Here geglo het.
- dat hulle soos Dawid op die Here kan vertrou om hulle te help.

##### Gesindheid

Die kinders moet –

- op die Here vertrou.
- weet God help hulle al is hulle klein.
- erken dat God hulle help om hul probleme op te los.

##### Vaardigheid

Die kinders moet die hooftrekke van Dawid en Goliat se verhaal kan vertel.

#### MEER INLIGTING (1 Samuel 17: 31-51)

Dawid was 'n jong seun wat skape in die veld opgepas het. Hy was nog te jonk om 'n soldaat te wees soos sy broers. Eendag het sy pa vir hom gevra om kos te vat na sy broers wat soldate was. Toe Dawid by hulle kom, sien hy 'n verskriklike groot man, 'n reus, met die naam Goliat. Hy was baie groot en lank en almal was te bang om teen hom te veg. Goliat het met die Here se mense gespot en vir hulle gelag.



Dawid het kans gesien om teen Goliat te veg, omdat hy op die Here vertrou het en geglo het dat die Here hom sal help. Niemand anders het kans gesien om teen die reus te veg nie. Dawid het niks daarvan gehou dat Goliat só met die Here en sy mense gespot het nie. Die leier van Israel se soldate, Saul, het sy toestemming gegee dat Dawid maar teen die reus kan veg. Saul het sy eie oorlogsklere vir Dawid gegee om aan te trek. Hierdie klere sou Dawid beskerm teen Goliat se aanvalle met sy swaard. Maar dit was te groot en te swaar vir Dawid en hy kon nie eens daarmee loop nie. Hy trek toe die klere uit en trek sy eie klere aan.

Al wat Dawid gehad het om mee te veg, was sy slingervel. 'n Slingervel het twee toutjies gehad met 'n stukkie leer aan die punt van die toutjies soos die prentjie in hierdie boeke wys. 'n Mens het 'n klippie in die stukkie leer gesit, die toue vinnig bokant jou kop in die rondte geswaai en dan die een tou gelos. Die klip het dan "uitgevlieg" na die teiken toe.

Dawid het op God vertrou en was nie bang nie. Hy het vyf klippies by die rivier gaan optel en een in sy slingervel gesit. Toe gooi hy met sy slingervel die klip na die reus toe. Met die eerste slag tref hy die reus teen sy voorkop. Goliat het agteroor geval op sy rug en was dood. God het deur Dawid die reus oorwin.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Die Bybel.
- 'n Groot kartonswaard van ± 1 m en genoeg foelie om die swaard oor te trek.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met Gesang 541: 1 as gebed. Verduidelik die betekenis van die gebed.

*Ons bring aan U, Heer Jesus,  
ons lof en dank en eer.  
Ons wil U met ons lewe,  
terwyl ons jonk is, eer.  
Amen.*

## **HET HULLE ONTHOU?**

Laat die kinders weer vir mekaar dié woorde sê: *Jesus is lief vir my en ook vir jou.*

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Vertel van Dawid wat vir Goliat, die reus, oorwin het. Hy was toe nog baie jonk. Hy het vir Goliat oorwin omdat die Here hom gehelp het. Gebruik MEER INLIGTING hierbo.

## **IETS BELANGRIK**

So kan ons ook altyd op die Here staatmaak. Soms word ons bang. Ons moet weet dat ons tot die Here kan bid en vir Hom kan vra om ons te help. Ons kan Hom altyd vertrou. Al is daar

groot, reuse-uitdagings en probleme in ons lewens, help God ons daarmee. Daarom hoef ons nie bang te wees nie. God help my al is ek klein.

Verseker die kinders dat niemand groter of sterker as God is nie.

### **IETS OM TE DOEN**

Laat al die kinders saamwerk om Goliat se kartonswaard met die foelie oor te trek. Elkeen kan 'n beurt kry om die reuseswaard vas te hou terwyl die ander die foelie omvou. Die swaard kan na die les teen die klasmuur vasgesit word.

### **BY DIE HUIS**

Laat hulle –

- die prent van Dawid en Goliat inkleur.
- hul ouers vertel van Dawid en Goliat en veral praat oor die slingervel.
- die volgende woorde leer: *Niemand is groter of sterker as God nie.*
- volgende keer hul lidmaatboekies en foto's van hul doop saambring.

### **AFSLUITING**

Sluit af met Gesang 543: 1 en 3 as gebed.

*Here Jesus, ek is klein,  
maak U self my lewe rein.  
Laat ek altyd van U leer;  
laat ek grootword tot u eer.*

*Heiland, laat my nooit vergeet  
dat U alles van my weet;  
al is niemand ook by my,  
sal U, Here, by my bly.*

*O Jesus, neem my,  
o Jesus, lei my,  
o Jesus, sterk my  
en vorm my tot u eer.  
Amen.*

**Les 10 moet verkieslik aangebied word op 'n Sondag wanneer die doop in die gemeente bedien word.**

Berei voor vir Les 10 deur te reël met die dominee om jou by te staan om aan die kinders te verduidelik hoe die doopproses werk. Met die eersvolgende doopgeleentheid word met die dominee gereël dat die graad R-kinders vorentoe kom as die kleintjies gedoop word.

Hulle moet hul lidmaatboekies saambring indien hulle een het. Hulle kan daaruit gewys word dat hulle ook gedoop is en hul ouers kan foto's van hul doop wys. Laat hulle ook foto's van hul doop saambring.